



KWEKERYE

(Soos gewysig op 01 Augustus 2024)

INHOUDSOPGAWE

1	REGISTRASIE VAN KWEKERYE	2
2	VERSORGING VAN KWEKERYE EENHEDE	2
3	HANTERING VAN SAAILINGE	3
4	AANWENDING VAN KWEKERYTOPPE	3
5	GETALLE KONTROLE	4
6	KWEKERY OPGAWES	5
7	AANBRING VAN KLEURKODES	6
8	BOME IN HOUERS	6
9	KWEKERY-INSPEKSIES	
9.1	Algemeen	7
9.2	Somer inspeksie	8
9.3	Herfs inspeksie	8
9.4	Winter inspeksie	9
9.5	Riglyne vir invul van Beoordelingsvorm van Kwekerye	11
10	SERTIFISERING VAN KWEEKHUIS BOME	14
11	SERTIFISERING VAN KWEKERYBOME	16
12	ETIKET OPGAWES	16

1. REGISTRASIE VAN KWEKERYE

- 1.1 PlantSA stuur jaarliks voor **15 Junie** aan alle geregistreerde kwekers 'n kennisgewing vir herregistrasie vir die volgende jaar en voorsien elke kweker van die nodige aansoekvorm.
- 1.2 Kwekers moet jaarliks voor **15 Julie**, skriftelik by die SPV aansoek doen vir elke afsonderlike perseel wat hulle beoog om te registreer.
- 1.3 Elke aansoek moet vergesel wees van:
 - a) 'n aansoekvorm (**SPV D-3-1**) soos voorgeskryf. Die naam en adres van die kweker asook die naam van plaas/e waar elke perseel geleë is, moet volledig verstrek word;
 - b) 'n liggingskaart en/of GPS koördinate wat duidelik aantoon waar elke betrokke perseel geleë is; en
 - c) 'n getekende kopie van die SPV Gedragskode (**SPV D-3-2**).
- 1.4 Die SPV reik 'n registrasiesertifikaat (**SPV D-3-3**) uit aan al die kwekers wat kwalifiseer om te registreer vir die volgende jaar.

2. VERSORGING VAN KWEKERY EENHEDE

Alle kwekery eenhede moet voldoen aan die vereistes van die Sagtevrugteplantsertifiseringskema, soos uiteengesit in die Skema en Bylae 1 van die Skema.

2.1 Geskiedenis van kwekerygrond

Dieselfde gewas mag nie in opeenvolgende jare op dieselfde kwekerygrond gekweek word nie.

2.2 Onkruidbeheer

Onkruid mag nie onbeheerd in 'n eenheid voorkom nie en 'n spesifieke onkruidbeheerprogram moet gevolg word.

2.3 Verwydering van Bome

a) *Visueel besmette bome*

Elke kwekery is verantwoordelik om deurlopend bome wat visueel besmet is te behandel en te verwyder indien effektiewe behandeling nie toegepas kan word nie. Die kweker moet alle verwyderings aanteken.

b) Afwykende bome (Vermenging)

Enkele afwykende bome moet deur die kweker verwyder word en in gevalle waar daar groter hoeveelhede afwykende bome langs mekaar voorkom moet dit duidelik in die kwekery uitgemerk word.

2.4 Herokulering

Herokulering van 'n entkombinasie met 'n ander kloon/variëteit word slegs toegelaat mits die hele entkombinasie met dieselfde kloon/variëteit oorgewerk word.

2.5 Inspeksies van kwekery eenhede

Drie inspeksies word jaarliks by geregistreerde kwekerye gedoen tydens somer, herfs en winter (Artikel 4).

3. HANTERING VAN SAAILINGE

3.1 Alhoewel saailinge nooit tipe-eg kan wees nie, kan slegs saailinge afkomstig van variëteite op die amptelike variëteitslys onder die Skema gesertifiseer word.

3.2 Behalwe vir tipe-egtheid, moet saailinge aan alle ander vereistes van sertifisering voldoen.

3.3 Saailinge van 'n spesifieke variëteit of kruising moet eers volledig as onderstam teenoor ander bestaande onderstamme geëvalueer word en wetenskaplike bewyse moet voorgelê word, alvorens 'n spesifieke saailing in terme van die Skema geregistreer kan word.

3.4 Slegs die saailinge soos gelys in die amptelike variëteitslys kan onder die Skema gesertifiseer word.

3.5 Aangesien pitte verkry word deur kruisbestuiwing, kan saad gevolglik nie variëteitseg wees nie en dus moet saailinge vanaf gesertifiseerde saad op die sertifiseringsetiket aangedui word met die "vrugsoort" in die spasie vir variëteit en in die spasie vir kloon met "saailing".

4. AANWENDING VAN KWEKERYTOPPE

4.1 Kwekerytoppe kan slegs aangewend word as 'n bron van plantmateriaal in gevalle waar daar nie voldoende plantmateriaal van sommige variëteite uit moederblokke beskikbaar is nie.

4.2. Bostamkwekerytoppe kan as kandidaat plantmateriaal kwalifiseer indien dit afkomstig is van kandidaat / gesertifiseerde kwekerybome wat op kandidaat / gesertifiseerde onderstamme geënt of geokuleer is.

- 4.3 Onderstamkwekerytoppe sowel as aflêertoppe kan as gesertifiseerde materiaal kwalifiseer indien die plante waarvan die materiaal afkomstig is gesertifiseer is en nog nie vantevore geënt of geokuleer was nie, tensy ge-ent met gesertifiseerde bostammateriaal.
- 4.4 PVO's moet streng beheer en kontrole uitoefen om te verseker dat kwekerytoppe slegs aangewend word in gevalle waar daar onvoldoende plantmateriaal van 'n betrokke variëteit uit moederblokke beskikbaar is, insluitende die moederblokke van die ander PVO's.
- 4.5 Kwekerye wat beoog om kwekerytoppe aan te wend moet vooraf by die betrokke PVO deur wie die plantmateriaal oorspronklik voorsien is, skriftelik aansoek doen.
- 4.6 Die betrokke PVO moet die kwekerybome self inspekteer of onder kontrak laat inspekteer voordat die kwekerybome uitgehaal word en voor daar enige plantmateriaal gesny word.
- 4.7 Die betrokke PVO moet homself vergewis dat daar geen vreemde of afwykende bome voorkom nie en dat daar geen visueel waarneembare siekte voorkom nie.
- 4.8 Kwekerytoppe moet ingesamel word voordat die bome uitgehaal word, dit wil sê die kwekerybome moet nog in die kwekery staan.
- 4.9 Die betrokke PVO moet self die kwekerytoppe insamel en 'n skriftelike magtiging tesame met die voorgeskrewe dokumentasie aan die kweker wat die okulering of enting gaan doen, uitreik.
- 4.10 Die uitreikingsbewys moet aandui dat kwekerytoppe benut is en die kweker moet op die kwekeryopgawe ook die oorsprong aandui as kwekerytoppe.
- 4.11 Kwekerybome kan tot die tweede generasie gebruik word om kwekerytoppe te sny, maar daarna verval hierdie vergunning.

5. GETALLE KONTROLE

- 5.1 Alle lewerings aan kwekers hetsy te veel of te min van beide bo- en onderstamme moet jaarliks voor **15 Februarie** deur die kweker by die betrokke PVO aangemeld word en met die nodige dokumentasie tussen kweker en PVO reggestel word.
- 5.2 Oorbenutting van die uitgereikte aantal van 'n kloon, sal die sertifisering van alle entkombinasies waar die betrokke kloon in voorkom, diskwalifiseer.
 - a) In gevalle waar daar meer plantmateriaal van 'n kloon deur 'n kweker benut is as deur die PVO uitgereik, moet dit voor **15 Februarie** aan die betrokke PVO verklaar word, sodat die dokumentasie dienooreenkomstig reggestel kan word.
 - b) In geval waar plantmateriaal onderling deur kwekers uitgeruil word, moet

die betrokke PVO voor **15 Februarie** in kennis gestel word sodat die dokumentasie dienooreenkomstig reggestel kan word.

- 5.3 Duidelike onderskeid moet getref word deur kwekers by die invul van kwekery-opgawevorms ten opsigte van:
- a) oorplant-bome (OORP) (dit wit sê geënte bome vanuit die voorafgaande jaar se kwekery)
 - b) oorstaan bome (OORS) (dit wit sê geënte bome van die vorige jaar se kwekery wat nie uitgehaal is nie.)
 - c) gewortelde onderstamme
 - d) geënte bome
 - e) geokuleerde bome
 - f) saailinge
- 5.4 PVO's moet elke kloon apart uitreik en kwekers moet elke kloon apart ent.
- 5.5 Klone van elke PVO moet apart geokuleer en geënt word en so op die kwekery-opgawe aangedui word. Slegs een PVO se naam mag teenoor 'n kloon op die etikette aangedui word.
- 5.6 Oorplant- en oorstaan kwekerybome oorgedra vanaf die vorige jaar moet apart van ander entkombinasies met dieselfde klone op die kwekery-opgawe aangedui word.
- 5.7 Kwekerybome gekweek van saailinge of onderstamme wat in die vorige seisoen gewortel is, moet apart van ander entkombinasies met dieselfde klone op die kwekery-opgawe aangedui word.

6. KWEKERYOPGAWES

Opgawe van geokuleerde, geënte en gewortelde bome uitgeplant in kwekery.

- 6.1 Die SPV stuur jaarliks teen **31 Oktober** 'n kwekeryopgawevorm (**SPV D-3-4**) saam met riglyne vir die voltooiing daarvan aan elke kweker.
- 6.2 Kwekers wat oorplant, oorstaan en twee jaar oud bome kweek dien teen **15 November** 'n voorlopige opgawe by PlantSA in.
- 6.3 Elke kweker voltooi die finale kwekeryopgawevorm (**SPV D-3-4**) volgens die riglyne en dien teen **15 Februarie** die volledige opgawe by PlantSA in.

- 6.4 Elke kweker stel 'n plantplan vir die kwekery op waarin die klone en getalle van elke entkombinasies aangedui word. Die plantplan moet op versoek aan die inspekteur beskikbaar gestel word.
- 6.5 PlantSA doen vaslegging van kwekery opgawevorms op sy databasis.
- 6.6 PlantSA kontroleer die getal bome per kloon geokuleer, geënt en geplant teenoor die getal per kloon uitgereik aan elke kweker en druk afwykingsverslae.
- 6.7 Die reggestelde opgawes word aan die inspekteurs oorhandig vir kontrolering.

7. AANBRING VAN KLEURKODES

- 7.1 Kleurkode word jaarliks toegeken volgens die voorskrifte in **SPV D-2-1**.
- 7.2 Kleurkode moet aangebring word soos voorgeskryf in (**Bylae 1 : Deel 6**) van die Sagtevrugteplantsertifiseringskema.
- 7.3 Die voorgeskrewe kleurkode (**SPV D-2-2**) moet teen **15 Mei** volledig aangebring wees, aan alle bo- en onderstamme.
- 7.4 Kleurkode moet op alle kernvrug- en pruimbome aangebring word.
- 7.5 Vir ander steenvrugte moet:
 - a) die eerste en laaste tien bome by die bo- en onderpunt van elke ry gemerk wees;
 - b) by elke oorgang van een entkombinasie na 'n volgende entkombinasie moet die laaste en eerste tien bome gemerk wees.
- 7.6 Kleurkode vir variëteite wat tans ge-evalueer word, word deur die betrokke PVO self toegeken op voorwaarde dat die kleurkode altyd met 'n GRYS kleur moet begin.
- 7.7 Alle vermengings moet teen **15 Mei** duidelik uitgemerk wees met die toepaslike kleurkode.

8. BOME IN HOUERS

8.1 Kategorie van plantmateriaal

Plantmateriaal in kweekhuise sluit die volgende kategorieë in naamlik:

- Gewortelde onderstamme in houters;
- Gewortelde bostamme in houters;
- Gewortelde weefselkultuur plantjies uitgeplant in houters;
- Ge-ente/geokuleerde plante in houters.

8.2 Rekordhouding

- a) Volledige rekords moet deurlopend deur elke kwekery of PVO bygehou word van elke lot plantmateriaal uitgereik uit elke eenheid en deur 'n volgende eenheid ontvang. In die geval van weefselkultuurmateriaal, moet rekord gehou word van elke lot plantmateriaal wat afgehard en in houters uitgeplant is.
- b) Volledige kwekeryopgawe soos voorgeskryf as (**SPV D-3-4**) waarop die volledige besonderhede aangeteken is ten opsigte van die betrokke klone, oorspronge en getalle moet aan die SPV voorgelê word.
- c) Plantmateriaal vanaf dieselfde bronplante wat aanvanklik in verskillende lotte uitgereik is, kan bymekaar gevoeg word en as een inskrywing op die kwekeryopgawe aangetoon word.
- d) Aangesien die kwekeryopgawe die volledige besonderhede bevat is dit in geval van 'n interne uitreiking nie nodig om 'n afsonderlike uitreikingsbewys uit te maak nie maar 'n opgawe van die uitreiking moet wel aan die SPV voorgelê word.
- e) In geval van uitreikings aan 'n ander kweker of PVO moet die nodige uitreikingsbewyse uitgemaak word en moet 'n opgawe van uitreikings met die volledige besonderhede by die SPV ingehandig word.

8.3 Etiketterming

- a) Plante wat intern uitgereik of verskuif word moet te alle tye behoorlik geïdentifiseer kan word by wyse van 'n etiket of interne identifikasie stelsel wat gekoppel is aan die rekord stelsel.
- b) Plante in houters wat uitgereik word aan 'n ander kweker of PVO of produsente moet met die amptelike kandidaat of sertifiserings etikette gemerk wees waarop die volledige besonderhede aangebring is.
- c) Besonderhede op die etikette moet met elke inspeksie deur die inspekteurs gekontroleer word.
- d) In geval van besendings waar die plante nie individueel geëtiketeer is nie, moet een etiket aangebring word aan elke grootmaat houer wat uitgereik word.
- e) Aparte rekord moet gehou word van etikette aangewend vir plante in houters en moet apart op die etiket opgawe vorms aangedui word.

9. KWEKERY INSPEKSIES

9.1 Algemeen

- a) Drie inspeksies word jaarlik by geregistreerde kwekerye gedoen tydens somer, herfs en winter. Die volgende word tydens al hierdie inspeksies kontroleer:
 - i. die algemene versorging en verbouing van kwekerybome;
 - ii. die voorkoms van insekte en patogene en enige skade weens klimatologiese of ander faktore in elke geregistreerde kwekery.
- b) Inspekteur reik inspeksieverslae uit aan kweker met skriftelike instruksies van regstellende stappe wat geneem moet word. Hierdie inspeksieverslae moet deur die kwekery-eienaar of gemagtigde verteenwoordiger onderteken word.
- c) Inspekteur doen opvolginspeksies ten einde te bepaal of regstellende aksie bevredigend uitgevoer is.

9.2 Somerinspeksie

Inspekteur voltooi een keer in die somer 'n somerinspeksieverslag (**SPV D-3-5**) vir alle bome in elke kwekery as volg:

- appels en pere: vroeg Desember tot einde April;
- Steenvrugte: Januarie tot einde Mei.

Hy kontroleer besonderhede ten opsigte van:

- a) die eenheid- en isolasievereistes soos per skema Bylae 1, Deel 2;
- b) die getalle per variëteit en kloon geënt en geplant op 'n steekproefbasis;
- c) die variëteitsegtheid van plante soos aangedui op plantplan en naamborde in kwekery.

Naamborde moet rynommers asook die status (B, K of O) van kombinasies duidelik aandui.

9.3 Herfsinspeksie

- a) Inspekteur inspekteer elke kwekery een keer in die herfs (tussen 15 April en 31 Mei) en kontroleer:
 - i. die opvolgaksies ten einde te bepaal of regstellings wat tydens die somer inspeksie aangemeld is, bevredigend uitgevoer is;
 - ii. dat die kleurkode korrek ten opsigte van die onderskeie bo- en onderstam variëteite aangebring is.
- b) Inspeksieverslae (**SPV D-3-6**) word deur sekretaris in oorleg met inspekteur gekontroleer.

- c) Inspekteur verklaar aan SPV soos in (**SPV D-3-7**) voorgeskryf welke entkombinasie van elke kweker geïnspekteer is en voldoen aan die Skema voorskrifte.
- d) Sekretaris reik voor **31 Mei** 'n drukstuk uit aan elke kweker van die klone wat in die kwekery uitgeplant is en stel die kweker in kennis indien die kwekery of sekere entkombinasies van die kwekery nie gesertifiseer kan word nie.

9.4 Winterinspeksie

- a) Kwekers stel inspekteur twee dae vooraf in kennis van die datum waarop kwekerybome gereed sal wees vir sertifisering.
- b) Tydens inspeksie moet 'n volledige lys van entkombinasies soos per opgawe wat daardie dag aangebied word vir inspeksie aan die inspekteur voorgelê word.
- c) Inspekteur inspekteer kwekerybome en kontroleer:
 - i. die getal plante per variëteit en kloon aangebied teenoor geënt op 'n steekproefbasis;
 - ii. die fisiese vereistes;
 - iii. die bondelvereistes; en
 - iv. die etiketeringsvereistes.
- d) Kwekerybome van die volgende kategorieë kan vir die opeenvolgende jaar weer met dieselfde status vir sertifisering aangebied word:
 - i. **Oorstaan- en oorplantbome**, mits dit in die daaropvolgende herfs en winter geïnspekteer word. Bome kan slegs 'n tweede keer aangebied word vir sertifisering. Oorstaanbome en oorplantbome ouer as twee jaar kan nie vir sertifisering kwalifiseer nie. (Onderstam nie ouer as 3 jaar nie);
 - ii. **Ingekoopte bome**, mits 'n spesifieke faktuur en die vorige jaar se sertifiseringsetikette voorgelê kan word en dit in die daaropvolgende somer, herfs en winter geïnspekteer word. In sulke gevalle moet die datum van die huidige jaar op die nuwe etikette aangebring word.
- e) Ongesertifiseerde kwekerybome wat teruggeplant word kan nie in die daaropvolgende seisoen vir sertifisering kwalifiseer nie, mits die uitsluiting weens fisiese standaarde was, wat in die daaropvolgende jaar reggestel is;
- f) Inspekteur trek ten minste een bondel per ent-kombinasie:

- i. Indien daar in totaal meer as 500 bondels in een seisoen deur een kwekery vir sertifisering aangebied word moet daar ten minste 15 bondels in totaal as steekproef getrek word;
- ii. Indien daar in totaal minder as 500 bondels kwekerybome in een seisoen deur een kwekery vir sertifisering aangebied word, moet die volgende minimum getal monsters getrek word;

Aantal Bondels	6	10	12	15	20	30	40	50	100	400	500	>500
Steekproef	4	6	6	8	9	10	11	12	13	14	15	15

- iii. Indien die getal bondels per ent-kombinasie verskil, moet die steekproef pro-rata volgens die getal bondels van elke ent-kombinasie getrek word.
- g) Indien meer as 3% van die kwekerybome van 'n steekproef nie voldoen aan die fisiese vereistes van die Skema nie word die entkombinasie voorlopig afgekeur. Inspekteur reik 'n inspeksieverslag uit aan die kwekery na afloop van elke inspeksie soos (**SPV D-3-8**) voorgeskryf met skriftelike instruksies van die regstellende stappe wat binne 14 dae geneem moet word. Hierdie inspeksieverslag moet deur die kwekery-eienaar of gemagtigde verteenwoordiger onderteken word. Etiket wat verwyder moet word, moet tydens die finale inspeksie aan die inspekteurs oorhandig word.
 - h) Inspekteur doen opvolg inspeksies na 14 dae ten einde te bepaal of regstellende aksie bevredigend uitgevoer is en kontroleer dat die getal etikette wat oorhandig is ooreenstem met die getal kwekerybome wat afgekeur is.
 - i) Indien die regstellende stappe nie bevredigend uitgevoer is nie word die ent-kombinasie finaal afgekeur en die sertifisering word ingetrek.
 - j) Inspekteur kontroleer met sy volgende besoek dat die getal etikette wat oorhandig is ooreenstem met die getal kwekerybome wat finaal afgekeur is.
 - k) Inspekteur teken getalle per kloon gesertifiseer aan op kwekery-opgawe en reik 'n inspeksieverslag uit aan die kwekery na afloop van elke inspeksie.
 - l) Gewortelde onderstamme en saailinge wat gelewer of verkoop word, moet geïnspekteer word op die perseel van die betrokke kweker alvorens dit verwyder word.
 - m) Gewortelde onderstamme en saailinge moet geïnspekteer word op die perseel van die betrokke kweker alvorens dit geokuleer word.

- n) Gewortelde onderstamme en saailinge deur 'n PVO /kweker intern geskuif moet deur die PVO self inspekteer word;
- o) Alle gevalle waar kwekerybome finaal afgekeur word, moet die Inspeksiedienste van Departement van Landbou deur die Sekretaris in kennis gestel word, waarna die verkope van die betrokke kwekerybome deur die Departement van Landbou verbied moet word, indien die kwekerybome nie voldoen aan die minimum vereistes ingevolge die Plantverbeteringswet nie.

9.5 Riglyne vir die invul van die beoordelingsvorm (**SPV D-3-10**) vir kwekerye

9.5.1 Somer-inspeksies

9.5.1.1 Somerversorging

Somerversorging word beoordeel volgens die volgende maatstawwe:

a) Siektebeheer

Minimale besmetting:

Siekte en plaë in minder as 1% van bome 10 punte

Ligte besmetting:

Siektes en plaë in 1 tot 2% van bome 8 punte

Matige besmetting:

Siektes en plaë in 2 tot 5% van bome 5 punte

Strawwe besmetting:

Siektes en plaë in meer as 5% van bome 0 punte

b) Onkruidbeheer

Minimale kompetisie:

Onkruid in minder as 2% van kwekery 3 punte

Matige kompetisie:

Onkruid in 2 tot 5% van kwekery 1 punt

Strawwe kompetisie:

Onkruid in meer as 5% van kwekery 0 punt

c) Naamborde

Naamborde deurgaans volledig en korrek
aangebring 2 punte

Naamborde onvolledig of foutief aangebring 0 punte

9.5.1.2 Vermenging

Vermenging word beoordeel tydens die eerste inspeksie met inagneming van die totale getal bome en die getal entkombinasies. Kwekers kry die voordeel van hierdie twee berekeninge en slegs die beste situasie vir die kwekers word as punt gebruik.

Geen vermenging	10 punte
Vermenging tussen 1 tot 2%	8 punte
Vermenging tussen 2 tot 5%	5 punte
Vermenging meer as 5%	0 punte

9.5.2 Herfs-Inspeksie

Herfsversorging word beoordeel volgens die volgende maatstawwe:

a) Gebalanseerde groeikrag

Alle entkombinasie se groeikrag in balans	5 punte
Minder as 1% entkombinasies se groeikrag nie in balans	3 punte
Meer as 1% entkombinasies se groeikrag nie in balans	0 punte

b) Kleurkodes

Volledig en korrek	10 punte
Onvolledig of met nie-kritiese foute (1 tot 2%)	8 punte
Onvolledig of met nie-kritiese foute (2 tot 5%)	5 punte
Onvolledig / met kritiese foute / meer as 5% afwyking	0 punte

NB – 'n Kritiese fout is wanneer een kultivar met die kleurkode van 'n ander kultivar van dieselfde vrugsoort gevef is

c) Siektebeheer

Minimale besmetting: Siekte en plae in minder as 1% van bome	10 punte
Ligte besmetting: Siektes en plae in 1 tot 2% van bome	8 punte
Matige besmetting: Siektes en plae in 2 tot 5% van bome	5 punte
Strawwe besmetting: Siektes en plae in meer as 5% van bome	0 punte

d) Afwesigheid van opslaglote

Geen onderstam-opslaglote aanwesig	5 punte
Minder as 2% onderstam-opslaglote aanwesig	3 punte
Tussen 2 en 5% onderstam-opslaglote aanwesig	1 punt
Meer as 5% onderstam-opslaglote aanwesig	0 punte

9.5.3 Winter inspeksie

9.5.3.1 *Aanbieding*

Winterversorging word beoordeel volgens die volgende maatstawwe :

a) Inlê-persele

Bome behoorlik en netjies ingelê	4 punte
Bome nie behoorlik en netjies ingelê nie	0 punte

b) Identifikasie

Naamborde, kleurkode en etikette volledig aangebring.	4 punte
Naamborde, kleurkode en etikette onvolledig of foutief aangebring	0 punte

c) Siektebeheer

Minimale besmetting: Siekte en plaë in minder as 1% van bome	5 punte
Ligte besmetting: Siektes en plaë in 1 tot 2% van bome	3 punte
Matige besmetting: Siektes en plaë in 2 tot 5% van bome	1 punt
Strawwe besmetting: Siektes en plaë in meer as 5% van bome	0 punte

d) Vasmaak van bondels

Bondels stewig en netjies vasgemaak	2 punte
Bondels swak en onnet vasgemaak	0 punte

9.5.3.2 Fisiese Standaard

Fisiese standaard word beoordeel met inagneming van die totale getal bome en die getal entkombinasies. Kwekers kry die voordeel van hierdie twee berekeninge en slegs die beste situasie vir die kwekers word as punt gebruik.

Fisiese standaard word beoordeel tot die mate waarvan daar van die fisiese standaard volgens die Skema afgewyk word tydens die eerste inspeksie. Indien daar afkeurings is tydens die her-inspeksie, word alle punte verbeur.

Geen afwyking van fisiese standaard	15 punte
Afwyking van tussen 0 en 3%	10 punte
Afwyking van meer as 3%	0 punte
Afwyking tydens her-inspeksie	0 punte

9.5.4 Rekordhouding

Kwekery administrasie word beoordeel onder hierdie punt. Kwekerye sal gepeenaliseer word indien die kwekeryregistrasie laat of onvolledig is, kwekery-opgawes nie betyds en korrek afgehandel is nie, of indien enige verslae nie op tyd geteken en teruggestuur word nie. Korrektheid en stiptelikheid sal elk 50 persent van die gewig dra by beoordeling.

Rekordhouding word beoordeel ten opsigte van korrektheid en stiptelikheid van opgawes volgens die volgende maatstawwe:

Goed: Rekords en opgawes deurgaans betyds en korrek	5 punte
Gemiddeld: Rekords en opgawes toon enkele afwykings	3 punte
Swak: Rekords en opgawes nie betyds of onvolledig	0 punte

10. SERTIFISERING VAN KWEEKHUIS BOME

10.1 Kategorie van plantmateriaal

Beide plantmateriaal van kandidaat en gesertifiseerde status vanuit die volgende eenhede is onderhewig aan inspeksie naamlik:

- Kern
- Grondves
- Moeder
- Grondves kwekery

10.2 Getalle Kontrole deur inspekteurs

Getalle kontrole moet deurlopend deur die inspekteurs bygehou en gekontroleer word soos plante gesertifiseer word teenoor die afleweringsbewyse vir beide bo- en onderstam klone in besit van die kweker.

10.3 Inspeksies

- a) Kwekers en PVO's wat plante wil aanbied vir sertifisering moet die inspekteurs ten minste 7 dae vooraf in kennis stel van die datum waarop die plante gereed sal wees vir inspeksie.
- b) Inspekteurs kontroleer die interne rekords van die PVO of die uitreikingsbewys ten opsigte van die kloonnaamnommers en oorsprong van die plantmateriaal.
- c) Besonderhede op die etikette moet met elke inspeksie deur die inspekteurs gekontroleer word.
- d) Inspekteurs doen 'n fisiese inspeksie van die plante ten einde te bepaal of die plante variëteitseg is.
- e) Inspekteurs trek 'n steekproef van 50 bome of 3% in die dormante fase, watter een ook die minste is, ten einde te bepaal of daar voldoen word aan

die fisiese vereistes vir die betrokke kategorieë plantmateriaal soos voorgeskryf deur die Skema. Indien daar 'n afwyking voorkom word 'n volgende steekproef van 50 bome getrek.

- f) Plante wat nie voldoen aan die voorgeskrewe vereistes nie of waar die rekords nie aanvaarbaar is nie word afgekeur.
- g) Inspekteurs reik 'n inspeksieverslag uit soos in (**SPV D-3-9**) voorgeskryf vir elke besending geïnspekteer. Indien 'n besending voorlopig afgekeur word moet die skriftelike instruksies van regstellende stappe wat geneem moet word op die verslag vermeld word. Hierdie inspeksieverslag moet deur die kwekery-eienaar of gemagtigde verteenwoordiger onderteken word.
- h) Plante wat voorlopig afgekeur is kan weer volgens dieselfde prosedures aangebied word vir inspeksie.
- i) Besendings wat voorlopig afgekeur is moet te alle tye apart gehou word en kan nie toegevoeg word tot 'n volgende besending van dieselfde kloon en oorsprong nie.
- j) Besendings wat voorlopig afgekeur is en nie weer aangebied word vir inspeksie nie, moet finaal deur die inspekteurs afgekeur word en bevestig word deur 'n inspeksieverslag.
- k) Inspeksieverslae word deur die inspekteurs voltooi vir elke inspeksie en aan die PVO of kweker oorhandig. Hierdie inspeksieverslag moet deur die kwekery-eienaar of gemagtigde verteenwoordiger onderteken word.
- l) Kwekeryopgawes en 'n afskrif van die inspeksieverslae word deur die inspekteurs by die SPV ingehandig sodat die kwekers en PVO's deur die SPV gefaktureer kan word volgens die neergelegde tariewe van die inspekteurs.

10.4 Tye van inspeksie

- a) In geval van plante wat gedurende die somer uitgegee word, moet die variëteitsegtheid en fisiese vereistes bepaal word tydens die inspeksie deur die inspekteurs wat ten minste twee weke na aanvang van die afhardingsperiode onder skadunette moet plaasvind.
- b) In geval van plante wat gedurende die winter uitgegee word, moet die variëteitsegtheid bepaal word tydens die eerste inspeksie voor blaarval en die fisiese vereistes tydens die tweede inspeksie na blaarval.

10.5 Uitsonderings

- a) Plante uit kweekhuise wat deur 'n PVO self in sy eie grondves eenhede in die veld gevestig word hoef nie te voldoen aan die fisiese vereistes nie. Inspeksie moet egter wel uitgevoer word en daar moet aan die ander vereistes voldoen word.

- b) Groen materiaal en winter materiaal wat tussen PVO's verhandel word, sal nie voldoen aan die fisiese vereistes nie en hoef dus nie deur die inspekteurs van die Raad geïnspekteer te word nie. Uitreikingsbewyse moet egter wel uitgereik word en die uitreikings moet wel verklaar word op die opgawes aan die SPV.

11. SERTIFISERING VAN KWEKERYPLANTE

- 11.1 Plant SA inspekteurs finaliseer die getal bome gesertifiseer teenoor elke ent-kombinasie van elke kweker volgens die riglyne soos in (**SPV D-3-4**) voor **30 September**.
- 11.2 Plant SA reik sertifiseringsertifikaat (**SPV D-3-12**) en drukstuk teen **30 September** uit aan elke kweker van alle kwekeryplante wat gesertifiseer is of stel kweker skriftelik in kennis van afkeuring van kwekeryplante.

12. ETIKET OPGAWES

- 12.1 Kwekers en PVO's voltooi jaarliks 'n etiket-opgawe (**SPV D-3-13**) waarop die getal etikette ontvang, gebruik, ongebruik en beskadig verstrekkend word.
- 12.2 Kwekers en PVO's moet hul etiketopgawevorms voor **01 Oktober** by die SPV inhandig.
- 12.3 SPV doen vaslegging van etiket-opgawes op 'n databasis vir oudit doeleindes.